**10 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 15:25-32**
**Fokusgedeelte: Lukas 15:29**

**Die ware verlore seun**

Dit is nie die einde van die verhaal nie. Die oudste seun tree nou na vore. Hy is glad nie bly dat sy broer teruggekom het nie, ook nie jammer vir hom nie, al het die broer van hom soveel vernedering ondergaan. Sy hele houding toon dat hy al die jare net uit pligsbesef aan sy pa onderdanig was. Van dienende liefde is daar skaars ‘n aanduiding in sy woorde teenoor sy pa. Die Fariseërs was ook nie bly as ‘n tollenaar tot bekering gekom het nie. Hulle het die Skrifte geken, selfs elke jota en tittel daarvan; tog het daar by hulle baie min tereggekom van die hoofsom van die wet, naamlik die liefde.
Die oudste seun het waarskynlik ook die genietinge van die sonde begeer, maar dit het hom aan durf om aan sy begeertes toe te gee ontbreek. Nou eers word melding van prostitute gemaak. Hy verdink sy broer van sondes wat hy self graag sou wou doen. Hy het nie as ‘n dankbare kind by sy pa gebly nie, maar as ‘n ontevrede kneg. Hy reken sy pa het hom nie goed behandel nie. By hom is die tipiese kneg-vroomheid.
Ons moet God met toegewyde harte dien – nie om beloon te word nie maar uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Dan sal ons nie liefdeloos wees nie, maar ons as kinders van God sien en nie as sy knegte nie.
*Sing: Psalm 116:9,10 Ds HA Louw (Emeritus)*